
# SAHARA-AVONTUUR REEKS

No. 29
## Die Verraaier van Dini Salam



Meiring Fouché

Ver in die Sahara—woestyn, by Dini Salam, belangrike voorpos van die Franse Vreemdelegioen, land 'n vliegtuig met 'n belangrike passasier. Hy bring verrassende bevele van die Vreemdelegioen se opperbevel en in Dini Salam word dadelik gereed gemaak om daardie bevele uit te voer.

So loop die garnisoen hom vas in 'n hinderlaag waaruit daar haas geen uitkomkans skyn te wees nie. En boonop het 'n intelligente Arabierse leier 'n waterdigte plan agtermekaar om Dini Salam sonder slag of stoot in te neem met die hulp van 'n onwillige Teuns Stegmann, die Afrikaner in die Franse Vreemdelegioen. . .

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Vyftien Beraadslaag | 3 |
| 2. | Sonderlinge Bevel | 12 |
| 3. | Vreemde Besoekers | 22 |
| 4. | Skok vir Teuns | 29 |
| 5. | Hulle Storm! | 36 |
| 6. | Driehonderd Uniforms | 46 |
| 7. | Die Laaste Tree | 53 |
| 8. | Slagting in die Poort | 62 |
| 9. | Nuwe Taktiek | 70 |
| 10. | Ses Kamele | 80 |

# Hoofstuk 1

## VYFTIEN BERAADSLAG

In 'n ruim vertrek, diep in die Arabierse wyk van Algiers, sit vyftien hooggeplaaste Arabiere om 'n perdehoeftafel.

In die middel van die tafel sit een man in die uniform van 'n kaptein van die Franse Vreemdelegioen.

Manskap Oosterman voel 'n bietjie uit sy plek in hierdie geselskap en hy voel net so uit sy plek in die kapteinsuniform want in die Franse Vreemdelegioen het hy dit nog nooit verder gebring as gewone soldaat nie.

Daar heers 'n diep stilte en manskap Oosterman voel 'n beklemming om sy hart. Hier waar hy nou in die halfmaan van die perdehoeftafel sit, wonder hy of hy darem nou die regte ding gedoen het. Maar voordat hy hom veel daaroor kan verknies staan 'n lang en indrukwekkende Arabier by die middel van die buiging van die tafel op.

Oosterman het al gehoor dat hierdie man, Ebrahim Rama, heet. Hy is klaarblyklik die leier van hierdie vergadering want hy skyn 'n intelligente, wakker kêrel met baie deursettingsvermoë en 'n ysere wil te wees. Sy gesig is smal. Sy neus lyk byna soos die snawel van 'n arend en sy oë is lewendig, helder en doelbewus.

"Lede van die oppervel van die Arabierse vryheidsmagte in die Sahara," sê Ebrahim Rama, "ons is hier bymekaar om 'n belangrike saak te finaliseer."

Manskap Oosterman voel hoedat die Arabiere nuuskierig na hom kyk. Hy sien hoedat Rama na hom kyk, maar Rama ignoreer hom vir die oomblik.

"Ons het 'n plan uitgewerk,' sê Ebrahim Rama, "wat ons aan u wil voorlê. Voordat ons dit ten uitvoer bring, wil ons u

toestemming daarvoor hê omdat dit 'n uiters gewigtige stap is. Omdat dit 'n groot waagstuk is.

Maar ook omdat dit, as dit slaag, die Arabierse magte in 'n byna onkeerbare posisie sal stel."

Hy swaai van sy stoel af weg en stap na die muur waar 'n helder verligte landkaart van Algerië en die gebied van die Sahara-woestyn hang.

"Ek wil graag u aandag by die situasie bepaal soos dit nou bestaan," sê Ebrahim Rama. Hy neem 'n dun duimstok op en wys na 'n plek op die landkaart.

"Hier lê Dini Salam," sê Ebrahim Rama. "Soos u almal weet, is Dini Salam die voorste garnisoen-plek van die Franse Vreemdelegioen in die suidelike Sahara. Soos u verder seker almal weet, is Dini Salam die ernstigste struikelblok in die Arabierse stryd om vryheid.

Deur die jare het die Arabierse magte herhaalde male met ongelooflike moed en onkeerbare dapperheid die stryd teen die Franse Vreemdelegioen aangeknoop. Dikwels was ons al op die randjie van sukses. Maar elke keer het ons tog maar verloor.

"As u die redes nagaan waarom die Arabiere nog nooit geslaag het om die Vreemdelegioen uit die woestyn te verdryf nie, sal u vind dat Dina Salam een van die allerbelangrikste redes vir daardie mislukkings is."

Hy stap na 'n groot sketskaart net langs die landkaart teen die muur. "Dini Salam," sê Ebrahim Rama, "is 'n stewige, goed ingerigte vesting. Die man wat hom daar ingrawe, kan nie maklik daar uitgegooi word nie. Die Franse besef dit baie goed; daarom dat hulle die vesting altyd in alle omstandighede goed beman en goed voorsien hou.





"Dini Salam lê op die groot roetes tussen die Atlasgebergtes en die hinterland van die Sahara en die seekus - na Algiers en ons groot stede in hierdie geweste. Dit is juis daarom dat die Franse dit daar gebou het. Nou kan u goed verstaan dat as Dini Salam die dag in die hande van die Arabierse vryheidsmagte val, dit vir die Franse Vreemdelegioen 'n dodelik slag sal beteken, en vir ons volk 'n groot stap op die pad na vryheid."

Ebrahim Rama is nie alleen 'n geslepe militaris nie, hy is ook 'n akteur en 'n diplomaat. Nadat hy hierdie mededelings gedoen het, swyg hy dramaties en kyk na sy kollegas wat nou reeds die ene belangstelling is. Ebrahim Rama se volgende woorde slaan hard deur die stil vertrek. "Makkers in die vryheidstryd," sê hy, "ek en 'n paar ander het 'n plan ontwerp om Dina Salam te verower."

Die Arabierse verteenwoordigers daar om die perdhoeftafel kyk vlugtig na mekaar, frons en toe kyk hulle na Ebrahim Rama.

Een ou sjeik kan sy nuuskierigheid nie bedwing nie. "En hoe wil jy nogal vir Dini Salam verower?" vry hy. "Ek en hoeveel ander hier het hoeveel maal al oorweldigende magte teen Dini Salam gelei, net om elke keer in 'n bloedbad teruggeslinger te word. Het jy nou 'n geheime wapen ontdek, Ebrahim Rama?" vra die ou Arabier. Dit is net waarop Rama gewag het. Hy glimlag goedig. "Nee, sê hy, "'n geheime wapen het ek nie. Dit is net 'n kwessie van gesonde verstand en die regte gebruik van die kanse wat daar bestaan." Weer swaai hy na die landkaart en beduie na 'n plek 'n ent van Dini Salam af. "Ons het ons die vryheid veroorloof," sê Rama, "om 'n mag van agtduisend Arabierse ruiters hier saam te trek. Dit is 'n sterk aanvalsmag en bestaan uit die beste krygers van die Doelakvolk, die

Berbers en die Toeareks. Dit het ons lank geneem om hierdie mag op die been te bring. Hulle is sterk bewapen. Hulle perde is vet en hulle is gereed vir die stryd."

"Agtduisend ruiters teen Dini Salam," vra 'n ander sjeik verwonderd. "Wil jy hulle almal laat uitwis? By geleentheid het ons Dini Salam al met twintigduidend ruiters aangeval en dit was nodeloos."

Ebrahim Rama gaan weer aan die lág. 'n Bietjie neerbuigend sê hy: "Dit is juis ons moeilikheid. Ons veg te veel met sabels en te min met verstand en vernuf." Hierdie woorde lok geesdriftige reaksie uit by die Arabiere wat daar vergader is. Hulle snap die waarheid daarvan onmiddelik want hulle weet almal hoe hulle al gefaal het al slinger hulle ook 'n oorweldigende oormag teen die Franse forte. As daar nou 'n ander metode is, dan sal hulle maar tog te geesdriftig wees.

"Nou wat is die nuwe plan?" vra 'n jongerige sjeik half ongeduldig.

Ebrahim Rama leun met sy rug teen die groot landkaart. Hy kyk hulle een vir een deur. Toe kyk hy na manskap Oosterman in sy kapteinsuniform.

"Dit is doodeenvoudig," antwoord Ebrahim Rama.

"Ons moet die vesting van Dini Salam eers leegmaak voordat ons aanval. As tweeduisend manskappe van die Franse Vreemdelegioen die vesting beman, dan is dit een saak. Maar as 'n paar honderd dit beman, dan raak dit 'n perd van 'n ander kleur."

"En hoe wil jy nogal die vesting leegmaak?" vra die bejaarde sjeik wat hom 'n bietjie vererg oor die aanmatigende selfversekerheid van Ebrahim Rama.

"Oudste van ons volk," antwoord Rama, "dit is nou weer die





tyd van die jaarlikse maneuvers van die Franse Vreemdelegioen. In die tyd wanneer hulle maneuvers hou, laat hulle net 'n klein groepie manne in die vesting van Dini Salam na. Manne wat moet toesien dat die gewone dienste volgehou word, dat die vesting teen indringers beskerm word en so meer.

"Ons het vasgestel dat die gewone maneuvers van die garnisoen van Dina Salam oor twee weke moet plaasvind. Die bevel daar het egter nog nie kennis gekry nie. Wat ons nou gaan doen, is om hulle kennis te gee." Hy glimlag en trek aan sy swierige snorbaard.

"Die verskil is net dat ons die garnisoen van Dini Salam 'n week te vroeg gaan kennis gee.

Dit word so stil dat 'n mens 'n speld kan hoor val. Manskap Oosterman voel 'n suising in sy ore.

"Ons gaan hulle kennis gee?" vra iemand skoon uit die veld geslaan. "Ons gaan hulle kennis gee!' herhaal hy. "Dink jy die Franse is sulke skaapkoppe dat hulle dit nie sal agterkom nie?"

"Nee," sê Ebrahim Rama en stap terug na sy stoel. "Die Franse militêre bevel is so slim soos die houtjie van die galg. Hulle is wakker en uitgeslape. Maar nou, óns is ook wakker en uitgeslape."

Hy beduie met sy hand na manskap Oosterman. "Die meeste van u het seker al gewonder wat hierdie kaptein van die Franse Vreemdelegioen hier soek?"

"Ja, en ek hou niks van sy teenwoordigheid hier nie," sê 'n opstandige jong sjeik. "Ons het almal aangeneem dat hy maar net 'n lokvink of iets is. Maar ek dink dit raak tyd dat sy teenwoordigheid verduidelik word."

Ebrahim Rama gaan sit, neem sy dokumentetas op en lê dit op die tafel neer. "Die man wat u voor u sien," sê hy, "is manskap

Oosterman van die Franse Vreemdelegioen. Ons het hom tydelik die rang van kaptein gegee en hom 'n kapteinsuniform aangetrek, want dit is wat nodig is. U sien, manskap Oosterman het moeg geword van die Franse Vreemdelegioen. Hy wil graag padgee. Ek het persoonlik gewaarborg dat as hy vir ons 'n sekere taak onderneem, ons hom veilig geleide sal gee na Egipte en dat ons hom sal help om hom daar te vestig. U kan manskap Oosterman maar vertrou. Hy sal sy deeltjie doen."

Rama beduie vir Oosterman om op te staan. "Soos u sien, het manskap Oosterman 'n uniform van 'n kaptein van die Franse Vreemdelegioen aan. Ek nooi u uit om hom noukeurig te betrag en te kyk of u enige foute aan die uniform kan sien."

Hulle bekyk vir Oosterman asof hy 'n dier is wat op 'n tentoonstelling geplaas is. Maar elkeen moet tot homself beken dat die uniform perfek en onbesproke is.

Toe laat Rama vir Oosterman Frans praat. Hy nooi die lede van die vergadering uit om sommer uit die vuis aan Oosterman vrae te stel wat hy in Frans moet beantwoord. Dit doen Oosterman meesterlik. Hy is nou wel 'n Vlaamse Belg, maar hy praat Frans asof hy 'n gebore Fransman is.

Die verteenwoordigers lyk tevrede. Daar is nog net een wat agterdogtig is.

"Watter waarborg het ons dat hy ons nie gaan verraai nie?" vra hy.

"Ons het 'n baie goeie waarborg," sê Rama. "Ons waarborg is dat manskap Oosterman uit die Vreemdelegioen wil vlug. Dit is omtrent die beste waarborg wat 'n mens kan kry. Ek kan daarby voeg dat manskap Oosterman 'n besonderde motief het om uit die legioen te wil vlug. U sien, hy het 'n manskap vermoor. Die lyk is nog nie gevind nie maar wanneer dit gebeur, sal man





skap Oosterman baie sekerlik aan die pen ry."

Ook dit bevestig hulle. Rama kyk hulle deur. Toe maak hy sy dokumentetas oop en haal 'n aantal interessante dokumente te voorskyn. Dié lê hy versigtig op die tafel neer.

Weereens kyk hy sy makkers deur. "En nou," sê Rama, "gaan ek aan u vertel hoedat ons manskap Oosterman gaan gebruik. Hier is die volledige plan. Maar voordat ek verder gaan, nog net dit: Van hierdie oomblik af verdwyn manskap Oosterman uit ons gesprekke en uit ons gedagtes. Van hierdie oomblik af heet manskap Oosterman kaptein Jerome Dreyfus."